# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 3**
**GRAAD 12**
**21 MEI 2019**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 ½ UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy strepe deur alle beplannings trek nadat die finale produkte voltooi is.

7. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 35 minute
   AFDELING C: 25 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

***Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye***

## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250-300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek het nooit gedink dit sal met my gebeur nie. [50]

1.2 Kitskos is nie altyd goed vir jou nie [50]

1.3 My grootste wens is ... [50]

1.4 Is tieners oorlaai met te veel huiswerk? [50]

1.5 Ek kyk op na my hand en sien 'n bebloede mes ... [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1



(https://www.google.com/search?q=prente+van+mens) [50]

1.6.2



(http://www.mieliestronk.com/afrdier.htm) [50]

1.6.3



https://www.rooirose.co.za/tegnologie-jou-kind-se-redding-of-ondergang) [50]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou gesin was op pad Durban toe, toe julle motor probleme gegee het. ‘n Gawe man het gestop om julle te help.

Skryf ‘n INFORMELE BRIEF aan die gawe man om hom te bedank vir die hulp wat julle ontvang het. **[30]**

2.2 **CV EN DEKBRIEF**

Daar is ‘n pos waarin jy belangstel by die SABC. Jy moet jou CV en ‘n dekbrief saam met jou aansoek inhandig.
Skryf die CV EN DEKBRIEF wat jou aansoek gaan vergesel. **[30]**

2.3 **TOESPRAAK**

Jou skool het ‘n projek om Aardedag te vier. Jy is die voorsitter van die VRL en word gevra om ‘n toespraak te lewer oor Aardedag.
Skryf die TOESPAAK wat jy gaan lewer, neer. **[30]**

2.4 **ONDERHOUD**

Een van jou sporthelde besoek jou skool. Jy moet ‘n onderhoud met hom/haar voer oor hul voorbereiding, op fisiese en sielkundige vlak, vir die komende Wêreldbeker, hul persoonlike ervaringe in sport en hul raad aan jong spelers.

Skryf die ONDERHOUD tussen jou en jou sportheld neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **ADVERTENSIE**

Dit is binnekort Wêreldbekerkrieket. Jy is die skool se krieketkaptein en wil 'n dag reël waar die pa's en seuns na die eindstryd op grootskerm moet kom kyk. Ontwerp die ADVERTENSIE waarin jy hierdie byeenkoms wil adverteer.

**[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy wil graag die musiekfees by Lusitoland bywoon. Jy is baie opgewonde, maar intussen was jou punte nie op standaard nie. Nou mag jy nie meer na die vertoning toe gaan nie!

Maak **TWEE** DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Maak 'n DAGBOEKINSKRYWING van hoe jy gevoel het oor die vertoning VOOR jou ouers die rapport gekry het.
- Maak nog 'n DAGBOEKINSKRYWING van hoe jy gevoel het NA jou ouers die rapport gekry het.

**[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is op die top tien leerders in jou graad. Die hoof vra jou om INSTRUKSIES aan jou maats te gee om hulle te help om hulle punte te verbeter.
Skryf ten minste sewe INSTRUKSIES neer om aan jou maats te gee.

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**

**-o0o**